OOREENKOMS AANGAANDE SKOOLFOOIE

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

A Ouers getroud Binne Gemeenskap van Goedere

Vader : _____

Id Nommer : _____

en

Moeder : _____

Id Nommer : _____

B Ouers getroud Buite Gemeenskap van Goedere
(gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik)

Vader : _____

Id Nommer : _____

en

Moeder : _____

Id Nommer : _____

C Enkel Ouers / Voog

Naam : _____

Id Nommer : _____

Posadres _____

_____

_____

Kind / ers : _____ Gr : _____

_____ _____

_____ _____

_____ _____

EN

Die Voorsitter van die Opvoedingsraad van CVO Marmer Skool
hy / sy synde behoorlik daartoe gemagtig :

Posadres : Posbus 350
Marble Hall
0450

(hierinlater die "SKOOL" genoem)

SKOOLFOOIE :

1.1 Skoolfondse :

1.1.1 Die skoolfondse beloop die maandelikse bedrag van R_____ per maand vir bogenoemde kinders.

1.1.2 Die ouers onderneem om skoolfondse aan die skool te betaal op 'n maandelikse basis voor of op die sewende (7de) dag van elke maand beginnende Januarie 2015 tot en met Desember 2015.

1.2 Addisionele kosters :

1.2.1 Addisionele heffings per leerling bv. BCVO heffings @ R110.00 per maand, registrasie (nuwe leerling @ R500), boekgelde @ R480.00 en skoonmaak produkte @ R480.00 word by die maandelikse skoolfonds ingedeel.

1.2.2 Alle addisionele kostes soos byvoorbeeld kleredrag, inskrywingsfooi vir sport en kultuur en ander kostes sal betaalbaar wees deur die ouer voor of op die 7de dag van die maand wat volg op die maand wat die ouer se rekeningstaat die uitgawe aandui.

1.3 Betalings :

Die ouers sal die skoolfooie betaal by die skool in skoolure, alternatiewelik by wyse van 'n deposito in die volgende bankrekening :

Eerste Nasionale Bank (Marble Hall)
Takkode : 260447
Rekeningnommer : 62014095394
Verwysing : Oudste kind se naam en van. (U rekening nr.)

RENTE :

Indien die ouer nie die bogenoemde skoolfonds betaal soos ooreengekom in klousule 1 hierbo nie, sal moratore rente gehef word op die uitstaande bedrag teen 15,5% per jaar vanaf die datum waarop die skoolfonds betaal moes wees tot en met die datum van finale betaling.

INVORDERINGSFOOI :

Indien betalings gemaak moet word aan die skool of die se genomineerdes, onderneem die ouer om 'n invorderingsfooi bereken teen 10% (TIEN PERSENT) gehef op alle betalings onder hierdie ooreenkoms aan die skool of die se genomineerde te betaal, synde 'n invorderingsfooi wat die ouer regtens verplig is om aan die skool of die se genomineerde te betaal.

EKSEPSIES :

Die ouer doen hiermee afstand van alle voordele wat voortspruit uit die wetlike eksepsies, *non numeratae pecuniae, non cause debiti*, geen waarde geniet met die krag en betekenis waarvan die ouer verklaar dat die ouer ten volle bekend is.

DOMICILIUM :

Enige kennisgewing wat deur die skool gegee moet of mag word ingevolge hierdie ooreenkoms, kan gerig word aan die ouer te die posadres hierbo verskaf, welke posadres ook deur die ouer aangewys word as *domicilium citandi et executandi* vir alle prosesstukke wat gedoen word in enige geding voortspruitende uit hierdie ooreenkoms.

JURISDIKSIE :

Die ouer stem kragtens Artikel 45 van Wet 32 van 1944 (soos gewysig) toe dat die skool enige regsgeding wat betrekking het op hierdie ooreenkoms na eie keuse kan instel in die Landdroshof van enige distrik wat kragtens die genoemde Wet ten opsigte van die ouer jurisdiksie het.

NIE-NAKOMING VOORWAARDES :

Ingeval die ouer in gebreke bly of versuim om enige som of somme verskuldig en betaalbaar onder hierdie ooreenkoms stiptelik te betaal op die respektiewe betaaldae, of om enige van die ander voorwaardes en stipulasies van hierdie ooreenkoms na te kom of ingeval die ouer 'n daad van insolvensie pleeg of kennis gee van 'n aansoek om vrywillige boedeloorgawe of die oordrag van die ouer se boedel vir die voordeel van hul skuldeisers, of ingeval van 'n vonnis van enge Hof teen die ouer, sal die hoofsom verskuldig met rente en alle ander bedrae hieronder verskuldig, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees sonder enige kennisgewing (nieteenstaande enige voorwaarde hierin vervat wat met dit in stryd is).

ALGEMEEN :

8.1 Die ouer stem toe om regskoste op ’n prokureur- en eie kliëntskaal te betaal indien enige geregtelike stappe ingevolge hierdie ooreenkoms deur die skool gedoen word;

8.2 Alle betalings hieronder gemaak geld eers ter delging van koste en dan van rente en daarna van kapitaal; en

8.3 Die skool mag sy belange hieronder sedeer, verbind, daarmee handel dryf en dit op enige wyse vervreem sonder toestemming van die ouer.

GETEKEN te MARBLE HALL op hede die _____ dag van _____ 20___.

_____ _____
VADER VOLLE NAME EN VAN Handtekening

_____ _____
MOEDER VOLLE NAME EN VAN Handtekening

GETEKEN te MARBLE HALL op hede die _____ dag van _____ 20___.

_____ _____
VOORSITTER OPVOEDINGSRAAD Handtekening
pp CVO Marmer Skool

_____ _____
AS GETUIE Handtekening